DES.

1965

# S.A. se grootste Suidpoolspan word superfiks gemaak

(Pretoriase Redaksie)

**ELKE lid van die sewende Suid-Afrikaanse ekspedisie wat op 27 Desember na die Suidpool vertrek, sal liggaamlik fiks genoeg wees om onderwerp te word aan 'n temperatuur wat tot minus 50 grade Celsius daal.**

Die vyftien spanlede doen al die afgelope maand oefeninge wat deur die Suid-Afrikaanse Federasie vir Jeug en Sport voorgeskryf is om veral hul uithouvermoë en krag te ontwikkel. Van Woensdag af word 'n intensiewe oefenprogram deur al die lede van S.A.N.A.E 7 aan die militêre kollege op Voortrekkerhoogte onder toesig van sport-offisiere van die Weermag gevolg.

Dit is die eerste keer dat 'n spesiale fiksheidsprogram deur ekspedisielede gevolg word. Hulle sal ook die eerste persone wees wat inskryf vir die brons-, silwer- of goue medaljes van die Suid-Afrikaanse Federasie vir Jeug en Sport.

## ONTBERINGS

Die ontsettende koue waaraan ekspedisielede blootgestel word en die groot liggaamlike inspanning wat van hulle geverg word, het die Departement van Vervoer, wat die Suid-Afrikaanse ekspedisies na die Suidpool reël, laat besluit om so 'n fiksheidskursus aan te bied sodat alle lede van S.A.N.A.E. 7 en die daaropvolgende spanne sonder ongerief die groot ontberings kan deurstaan.

Wanneer die span aan boord van die RSA in die Suidpool aankom, word daar van elke lid verwag om saam met die terugkerende span 500 ton proviand af te laai. Hierdie proviand word dan met trekkers en hondesleë twaalf myl ver na die Suid-Afrikaners se basis vervoer.

Die spanlede moet egter te voet die twaalf myl aflê en as 'n mens swaar geklee is om die ontsettende koue af te weer, kan dit 'n skrikwekkende tog wees as jy nie absoluut fiks is nie.

## BINNENSHUIS

Die oefeninge wat sowel die krag as uithouvermoë van die spanlede opbou, sal dit vir 'n spanlid baie makliker maak om byvoorbeeld swaar konkas brandstof van die R.S.A. op die trekkers te laai. Spesiale oefeninge sal ook sorg vir sterker roeikrag aangesien ekspedisielede dikwels moet roei. Ook aan die spanlede se swemvermoë sal besondere aandag geskenk word.

Sekere tye van die ongeveer veertien maande wat die span in die Suidpool vertoef, byvoorbeeld wanneer sneeustorms woed, bring die span binnenshuis deur en dan is dit noodsaaklik dat hul fiksheid gehandhaaf word deur met die oefeninge voort te gaan.

Die Suid-Afrikaanse spanne was tot dusver nog baie gelukkig wat ongelukke in die Suidpoolgebied betref. Slegs een keer, gedurende die 1964-span se verblyf aldaar, is een van die Suid-Afrikaners beseer toe hy in 'n skeur geval het. Sy spanmaats moes hulle geweldig inspan om hom daar uit te trek, en een se hande het in die proses baie verbrand.

## GROOTSTE

Die komende ekspedisie is die grootste uit die Republiek wat nog na die Suidpool vertrek het. Die vorige grootste span het uit veertien lede bestaan. Vir die vyftien poste wat geadverteer is, is ongeveer sestig aansoeke ontvang. Vir die leierspos was daar vyf aansoeke.

Mnr. S. Kavanagh, 27-jarige leier van die span, is 'n landmeter en was in 1962 ook saam Suidpool toe. Hy is ongetroud en sê dat slegs drie van die vyftien lede van S.A.N.A.E. 7 getroud is. In 1962 was daar ook baie meer aansoeke, het mnr. Kavanagh gesê. Toe het ongeveer 200 mense aansoek gedoen om Suidpool toe te gaan.

Ekspedisielede word aan 'n strenge keuring onderwerp, sê mnr. H. S. van der Walt, Adjunksekretaris van Vervoer. Hulle moet aan streng sielkundige toetse vir stabiliteit in afsondering onderwerp word. Verder ondergaan hulle mediese toetse deur die Geneesheer-generaal en moet godsdienstiggeoriënteer wees.